



Auxilio

DISTANCE EDUCATION

GRAAD 12

**Lewensoriëntering
Vraestel**

**JUNIE EKSAMEN
2019**

PUNTE: 80

TYD: 2 ure

Datum : 3 Junie 2019

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.
2. Beantwoord al die vrae in AFDELING A en AFDELING B.
3. Beantwoord enige TWEE vrae in AFDELING C.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Punttoekenning per Afdeling :

Afdeling A : 20 Punte

Afdeling B : 30 Punte

Afdeling C : 30 Punte

Voorgestelde tydstoedienning per Afdeling :

Afdeling A : ± 20 Minute

Afdeling B : ± 40 Minute

Afdeling C : ± 60 Minute

AFDELING A (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Kies die **BESTE** beskrywing van chroniese stres uit die volgende opsies:

- A. Dit is 'n reaksie op 'n onmiddellike bedreiging, algemeen bekend as die veg- of vlugreaksie.
- B. Dit is stres wat deur liggaamlike leed, soos seksuele mishandeling of geweld, veroorsaak word.
- C. Dit is stres wat deur verhoudings, die onvermoë om te sosialiseer en die sosiale omgewing veroorsaak word.
- D. Dit is 'n toestand van langdurige spanning as gevolg van interne of eksterne stressors wat verskeie fisiese simptome kan veroorsaak.

1.1.2 'n Leerderprogram waardeur die leerder praktiese vardighede in die werkplek leer.

- A. Leerstyl
- B. Leerderskap
- C. Skaduwerk
- D. Inspeksie

1.1.3 Wanneer doeltreffend gekommunikeer word, kan selfgeldende lyftaal as direkte oogkontak, 'n regop postuur, ... beskryf word.

- A. 'n harde stem en vinnige spraak
- B. vlot spraak en ferm gebare
- C. 'n sagte stem en huiwerige spraak
- D. vinnige spraak en ferm gebare

- 1.1.4 Die onderrig en Opleidingsowerheid vir die Landbousektor is 'n voorbeeld van 'n...
- A. Lening
 - B. Leerderskap
 - C. Beurs
 - D. Seta
- 1.1.5 'n Persoonlike missiestelling ...
- A. struktureer en bestuur jou skoollewe.
 - B. help om selfbelang te skep.
 - C. beskryf jou oortuigings en waardes.
 - D. weerspieël jou familiefilosofie.
- 1.1.6 Die funksies van 'n sportontwikkelingsbeampte sluit in om ...
- A. die aanbied van sport- en ontspanningsprogramme en -inisiatiewe te beding en te koördineer, asook om skole en klubs organisatories te ondersteun.
 - B. verslaggewingstelsels, kliëntediens, data-inskrywing en personeelsake binne 'n sportorganisasie te administreer.
 - C. toesig te hou oor die reëls van 'n kompetisie en seker te maak dat die reëls van die spel gevolg word.
 - D. spelers te ontwikkel, spanbou te bevorder, op-die-veld-strategieë te implementeer en spanne te kies.
- 1.1.7 Die liggaamsmassa-indeks (LMI) moet op ... gebaseer word.
- A. gewig en volume
 - B. lengte en volume
 - C. massa en gewig
 - D. lengte en gewig
- 1.1.8 Watter EEN van die volgende dra by tot SWAK kommunikasie in 'n verhouding?
- A. Buigsaamheid in terme van die aangaan van realistiese kompromieë.
 - B. Dit is 'n eenrigtingproses want dit sluit in om na die ander persoon te luister.
 - C. Luister empaties na die ander persoon voordat jy reageer.
 - D. Moenie altyd net jou eie gevoelens en belange in ag neem nie, maar neem ook die ander persoon se gevoelens en belange in ag.

- 1.1.9 Watter EEN van die volgende moet vermy word wanneer 'n gemeenskapsprojek geëvalueer word?
- A. Stel vas of daar aanspreeklikheid was en of terugvoer gegee is.
 - B. Assesseer wat gewerk en wat nie gewerk het nie sodat die projek verbeter kan word.
 - C. Oorweeg of die projek onvoorsiene gevolge gehad het, of dit nou positief of negatief was.
 - D. Fokus net op die positiewe uitkomst van die projek sodat belanghebbendes en vrywilligers nie teleurgestel word nie.
- 1.1.10 Een van die basiese beginsels wat enige demokratiese proses ondersteun, is deursigtigheid. Dit impliseer dat ...
- A. die mense verteenwoordig word en dat daar 'n groep mense is wat hulle eie beste belange op die hart dra.
 - B. almal wat betrokke is met dieselfde respek behandel moet word ongeag hul ouderdom, situasie, etnisiteit, vermoëns of ander faktore.
 - C. daar 'n openheid oor besluitneming is en 'n vrye vloei van inligting oor stappe wat gedoen is.
 - D. deelname vrywillig moet wees, daarom moet mense laat verstaan word dat dit hul vrye keuse is. (10 x 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) neer. **Gee 'n rede indien die stelling ONWAAR is.**

- 1.2.1 'n Getuigskrif is 'n formele mededeling wat jou karakter en kwalifikasies omskryf.
- 1.2.2 Formatiewe assessering – 'n assessering waardeur kennis, vaardighede en waardes teen die einde van die werkprogram geëvalueer word.
- 1.2.3 Die ondertekening van 'n indiensnemingskontrak beskerm die werkgewer in terme van kontraktuele verantwoordelikhede en diensvoorwaardes.
- 1.2.4 Kreatiewe denke is om nuwe idees te skep en probleme op te los. (6)

1.3 Kies die korrekte woord(e) vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.4) neer.

1.3.1 (CV/Resume) is 'n kort opsomming van jou profiel.

1.3.2 (Studievaardighede/Studiestyl) is die wyse waarop jy take benader.

1.3.3 A (portefeulje / profiel) is 'n kort weergawe van 'n persoon se karakter of beroep.

1.3.4 (Belangstellings/Talente) se wat ons kan doen.

(4)

TOTAAL AFDELING A: [20]

AFDELING B (VERPLIGTEND)

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. Skryf jou antwoorde, sover moontlik, in volsinne.

VRAAG 2

Bestudeer die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

KOMMER OOR PLAKKERSHUTBRANDE!

[<http://www.sabc.co.za/news/>]

- 2.1 Noem DRIE menslike foute wat kon bydra tot die ramp wat in die foto hierbo getoon word. (3)
- 2.2 Rampe soos brande kan swak gesondheid veroorsaak en tot 'n krisissituasie lei. Verduidelik TWEE maniere waarop munisipaliteite kan verseker dat hulle op sulke rampe voorbereid is. (4)
- 2.3 Formuleer en bespreek EEN praktiese strategie wat jou skool kan implementeer wanneer 'n noodsituasie ontstaan wat die veiligheid van die leerders en personeel by die skool bedreig. (3)
- [10]**

VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SPORTAFRIGTING-VRYWILLIGERPROJEKTE IN SUID-AFRIKA

'Be the Change Worldwide Gap Year'-sportafrigtingsprojekte help om massadeelname aan sport by skoolkinders aan te moedig. Die projekte help met sosiale, liggaamlike en ekonomiese ontwikkeling en gee aandag aan prioriteitsgebiede soos morele regenerasie en sosiale eenheid. Dit word bereik deur vrywilligers wat by plaaslike gemeenskappe betrokke raak en lewensvaardighede deur liggaamlike opvoeding en sport verskaf.

Die gemeenskapsportafrigtingsprojekte dra by tot veranderinge in lewenstyl. Die bedoelde begunstigdes van hierdie projekte is jong mense wat in werklikheid baie min geleentheid het.

Tydens die 'Be the Change Worldwide Gap Year'-sportafrigtingsprojekte sal die vrywilligers by 'n hulpbron-vennootskool kinders van verskillende ouderdomme en vermoëns in die plaaslike gemeenskap lesse oor liggaamlike opvoeding en afrigtingsessies in hul gekose sport gee. Deur die sportafrigting en hulle energieke teenwoordigheid by die vennootskole, sal vrywilligers waarde voeg by die lewens van agtergeblewe skoolkinders in skole met min hulpbronne. Vrywilligers sal saam met onderwysers van die gemeenskap onderrig en afrigting gee. Vrywilligers sal die geleentheid kry om baie uit die onderwysers se ondervinding te leer. Op hul beurt sal die gemeenskapsonderwysers ook groot baat vind by die vrywilligers se ondervinding in sportafrigting.

[Aangepas uit *Sports Coaching Volunteer Projects in Cape Town, South Africa* 2013.

Toegang verkry op 18 Mei 2013.

<http://www.bethechangeworldwide.com/projects/sports-coaching-cape-town>]

- 3.1 Gee 'n voorbeeld van EEN sosiale, EEN fisiese en EEN ekonomiese voordeel van hierdie projekte vir die gemeenskap. (3)
- 3.2 Verduidelik TWEE maniere waarop leerders se betrokkenheid by hierdie projekte kan help om lewenstysiektes onder skoolkinders in Suid-Afrika te voorkom. (4)
- 3.3 Jy sal daarvan hou om 'n beroep in sport te volg. Bespreek hoe vrywillige werk in hierdie soort projek, of enige soortgelyke projekte, jou keuse van 'n beroep positief kan beïnvloed. (3)

[10]

VRAAG 4

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Een belangrike rol wat die media kan speel om demokrasie te bevorder, is om inligting te versprei sodat landsburgers ingeligte besluite kan neem.

- 4.1 Noem DRIE faktore wat toeganklikheid tot gedrukte media kan voorkom. (3)
- 4.2 Verduidelik TWEE voordele van ondersoekende radio- of televisie-programme (soos *Special Assignment*, *3rd Degree*, *Carte Blanche* en *Speak Out*) en hoe hierdie programme bydra tot die rol wat die media in ons demokrasie speel. (4)
- 4.3 Daar word dikwels aanvaar dat die media vrye meningsuitdrukking geniet. Tog is hierdie vryheid beperk. Noem enige EEN beperking en verduidelik hoe dit die landsburgers van 'n demokratiese Suid-Afrika beskerm. (3)

[10]**TOTAAL AFDELING B: [30]**

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

Belang van skoolgebaseerde assessering

Assessering is 'n waardevolle instrument om die ontwikkeling van jou persoonlike potensiaal te identifiseer. Assessering is die beplande en deurlopende proses waardeur inligting oor 'n persoon se vaardighede, sienswyses en begrip van kennis ingesamel word.

Beantwoord die volgende punte in jou antwoord:

- Verskil tussen assessering en moderering. (4)
- Beskryf die woord 'vaardighede'. (1)
- Die belang van skoolgebaseerde assessering. (3)
- Riglyne wat gevolg word wanneer assesseringtake gedoen word. (5)
- Kriteria vir assessering. (2)

(15)

VRAAG 6

Konflik ontstaan tussen twee of meer mense wanneer hulle onverenigbare doelwitte het of dink dat dit die geval is. As ons die vaardighede aanleer om konflik te hanteer, kan ons daaruit leer en ons verhouding versterk met diegene met wie ons in konflik is.



- Bestudeer die foto. Is hierdie 'n voorbeeld van interpersoonlike of intrapersoonlike konflik? Gee 'n rede vir jou antwoord. (4)
- Verduidelik wat die woord "Empatie" beteken. Toon enige van die mense op die foto enige empatie? (1)
- Noem ten minste 5 (vyf) maniere aan die hand waarop die konflik tussen die mense op die foto opgelos kan word. (5 x 2) (10)

(15)

VRAAG 7**'Hersien eksamenskryfvaardighede'**

Vir goeie eksamenpunte is voorbereiding van die allergrootste belang. Goeie voorbereiding en beplanning is egter nie al wat nodig word om goeie punte te verseker nie. Wanneer jy eksamen skryf, moet jy ook eksamenskryfvaardighede aan die dag lê.

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Studiemetodes (Sewe Goue Reels) (7)
- Wat jy moet doen 'n uur voor die eksamensessie. (2)
- Eksamenskryf tegnieke (Enige 3) (6)

(15)

TOTAAL AFDELING C: [30]
GROOTTOTAAL: [80]